**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening no: 1192/2004

In die hersiening van:

**<u>DIE STAAT</u>**

**en**

**<u>ERIC LOUW</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **LOMBARD *et* VAN COPPENHAGEN RR**

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** **LOMBARD R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **19 AUGUSTUS 2004**

---

Die beskuldigde is tereg aan die diefstal van R7 700,00 skuldig bevind en is as volg gevonnis:

> "Nege (9) maande gevangenisstraf opgeskort vir vier (4) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal of poging daar toe gepleeg binne tydperk van opskorting nie. Verder word beskuldigde beveel om R7 700-

> 00 by die Klerk van die Hof, Petrusburg in te betaal teen R700 per maand. Eerste betaling van R700 voor of op 30/7/04 en daarna R700 aan die einde van daaropvolgende maande tot Junie 2005 wanneer die laaste betaling van R700 gemaak sal word. Vir oorbetaling aan klaagster vir skade gely."

In antwoord op my navraag of die vergoedingsbevel in orde is het die landdros beklemtoon dat die beskuldigde ter strafversagting aangebied het om die gesteelde bedrag by wyse van maandelikse paaiemente van R700,00 terug te betaal. Dit kan wel so wees, maar dit los myns insiens nie die landdros se probleem op nie. Artikel 300 van die Strafproseswet bepaal uitdruklik dat 'n aansoek vir 'n vergoedingsbevel deur die benadeelde of die aanklaer in opdrag van die benadeelde gedoen moet word. Die *ratio* daarvoor is myns insiens onder meer geleë in die feit dat sodanige bevel die uitwerking van 'n siviele vonnis het en die benadeelde gevolglik daarmee tevrede moet wees – in die onderhawige geval mag die posisie wees dat die benadeelde (die klaer) nie bereid is of was om die gesteelde bedrag in maandelikse paaiemente te ontvang

nie en kon daarop aangedring het dat dit in een betaling moes plaasvind.

**Vanweë die landdros se standpunt dat "indien die skade nie vergoed sou word nie sou die vonnis heelwat anders daaruit gesien het" is dit myns insiens in belang van reg en geregtigheid dat die vonnis as sulks deurgehaal word.**

Die skuldigbevinding word bekragtig maar die vonnis word *in toto* deurgehaal en die saak word na die landdros terugverwys vir die oplegging van vonnis *de novo*.

**D.J. LOMBARD R**

**EK STEM SAAM:**

**G. VAN COPPENHAGEN R**

/**ec**